

# KOERSVAS

Uitgawe 19 Jaargang 1 12 Julie 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

Lê, Verlê, Verleë Verlies

Die volgende skynbaar skadelose persverklaring het reeds verskeie gemeentes in beweging gebring: *“Die beleggingskomitee van die Raad van Finansies het gister 'n voorlegging van IFG Africa oor die stand van die beleggings in die Kerkgeld vir Kerkwerk fonds gehad en die opgewondenheid oor die huidige stand van die fonds en die blink vooruitsigte vir die fonds by almal rondom die tafel was 'n aangename ervaring. 'n Woord van dank aan Piet Beukes en Elmal Struwig wat reuse werk in hierdie verband verrig. (Herman van den Berg - Voorster: Beleggingskomitee) “-Amptelike Facebookblad, NHKA, 10 Julie 2013*

'n Heuninglose byekorf ?

Die eerste **reaksie** is een van opgewondenheid. Almal voel goed en die sake lyk goed. Die fonds vertoon gunstig op skerm, die vooruitsigte diamant-omkroon. Wat is dan fout?

Om die vraag te beantwoord, moet weer na die name gekyk word, eintlik net een naam. Die naam van die maatskappy wat die voorlegging aan die beleggingskomitee gedoen het.

Die gemeentes (NHKA) se geld vir Kerkwerk is by IFG Africa belê.

<http://www.ifgafrika.co.za/about-us.html>

“Google” dit gerus self.

IFG Africa is 'n swart bemagtigde maatskappy. Met ander woorde die magsbalans is volgens velletellers se wense. Die meerderheid van aandeelhouders, werknemers en besluitnemers is in lyn met, of selfs bo Swartbemagtiging (BEE) standarde wat in RSA gestel word. Die ironie van 'n volkskerk wat geld in 'n BEE entiteit-gearriveerde belê, is om van te swymel, veral indien die huidige NHKA besluitnemers se verstaan van volkskerk((54/69) in ag geneem word. Van die maatskappy se naam kan ons ook beweeg na die name van die direksielede. Die voorsitter/ direkteur is 'n persoon wat nie net BEE aktief bevorder nie, maar aan die wortels daarvan staan. Hy is stigterslid van 'n groep wat eers na vel kyk en dan na die res van die persoon. <http://www.empowermentsa.co.za/betalk.php?myid=303>

'n Persoon wat as 'n politieke aktivis bekend staan.

<http://www.sowetanlive.co.za/sowetan/archive/2007/08/01/community-leaders-activists-poets-writers-will-pay-homage-to-the-life-of-steve-biko>

<http://www.redpepperbooks.co.za/ProductInfo.aspx?productid=9780620335614>

‘n Persoon wat as ‘n sosiale aktivis bekend staan.

<https://twitter.com/letepe>

‘n Persoon wat van onwettige optrede aangekla is: Bedrog. Nie bomme plant of huise opblaas nie, maar betrokke blyk te wees by **geldkriminaliteit**.

<http://www.iol.co.za/news/crime-courts/another-ex-limpopo-official-on-fraud-charge-1.1495262#.Ud8AxfmmhJQ>

Gemeente xxxx, broers en susters, hoe veilig is julle geld? Word die geld gebruik om meer geld te maak? Is die doel om groot opbrengste te verseker (finansiële kerngedagtes), of is die doel om sosiale manipulasie en die sosiale verandering na identiteitlose integrasie aan te wakker?

*Letepe Maisela, chairperson of Kgorong, says: "Kgorong regards its latest acquisition as yet another feather in its cap, affirming its role as a serious empowerment player in the South African economy, whose core strategy remains value add and transformation of businesses that we partner.*

<http://www.engineeringnews.co.za/article/blackowned-firm-takes-stake-in-cable-maker-2003-04-04>

Wat sou die kriteria wees vir ‘n maatskappy om geld aan toe te vertrou? Ideologie of ‘n groot portefeulje met ‘n opbrengs beter as mark inkomste. Mense met uitgebreide ervaring in die finansiële veld of idealiste? Beteken “wapenskandaal” iets?

*"It also appears that Yengeni's receipt of finance from Daimler flouts DaimlerChrysler Finance Services's own regulations. It is understood Yengeni could not have received the car finance had DaimlerChrysler Finance Services officials followed proper finance regulations, which would normally require financing to be secured before receipt of the car.*

*The Mail & Guardian posed these questions to DaimlerChrysler Financial Services on Wednesday afternoon. The company replied: "We respect your concern to inform the general public. You are aware, however, that this matter is currently being*

*investigated by the Investigating Directorate for Serious Economic Offences and we confirm that we are cooperating fully with this investigation authority," said DaimlerChrysler Financial Services representative Amanda Wilmot. Wilmot added: "Whilst we have nothing to fear, we are not prepared to debate these issues in public and must therefore reluctantly decline to respond to your questions."*

*Shiburi referred questions to Kgorong Investment Holdings chair Letepe Maisela, who in turn said he had nothing to do with the matter.*

[http://www.armsdeal-vpo.co.za/articles00/benz\\_man.html](http://www.armsdeal-vpo.co.za/articles00/benz_man.html)

Kom ons kyk net vining na die tweede direkteur van die groep waar die kerk se raad van finansies gekies het om die Kerkgeld vir Kerkwerk fonds te belê: **"Former Umkhonto weSizwe commissar Keith Mokoape, once one of the ANC's top three military commanders"**

*"Director Keith Mokoape's personal stake in this lucrative deal is the latest in a series of scandals surrounding South Africa's arms procurement. Ivor Powell A director of the South African defence parastatal Armscor and former head of African National Congress military intelligence is the head of a newly formed company that stands to make billions of rands from government's R32-billion weapons deals"*

<http://allafrica.com/stories/200008180126.html>

Is die NHKA gemaklik met sodanige persone in beheer van NHKA fondse. Wat het geword van die gedagte dat geld belê word by mense wat nie onder verdenking is nie?

Wat soek elke belegger? Bewese inkomste, inkomste wat die gemiddeld oortref. Betroubare beleggers en mense in bestuur, geen kriminele sake nie. BEE of te nie, die beste mense om met gemeentes se geld te werk. Het die beleggingskomitee en sy voorsitter hierdie sake in ag geneem of het politieke dienstigheid en beleggings in politieke kapitaal die besluit gestuur?

GEMEENTE, HOE VEILIG IS JUL GELD?

## **NUUSBROKKIES**

- Die KommAKV wat met soveel oortuiging gestel het dat gelowiges nie hof toe hardloop nie, het nou al hul derde hofaansoek gebring, die keer teen Koster en die Diamantvereniging. Die KommAKV wil steeds veg oor die eiendom wat aan die gemeentes behoort. Nou wil hulle ook verhoed dat enige groep die woord “Hervormde” gebruik. Alleengeregtige eiegeregtige kopiereg!
- Advokaat Du Plessis het ‘n aansoek gebring dat al die sake wat op die oomblik hangende is, in een groot saak saamgevoeg moet word. Die tyd en kostebesparing is voor die hand liggend. Ongelukkig het die KommAKV besluit om die aansoek teen te staan. Te veel geld in die heffingsrekening?
- In dieselfde aansoek versoek adv Du Plessis dat die KommAKV gedwing moet word om toe te stem tot mediasie. Die sH komitee het lank reeds hulself herhaaldelik tot mediasie met ‘n oop agenda verbind, terwyl die KommAKV op verskillende maniere ‘n eierdans rondom die saak doen, veral aangesien hulle nie die eiendom deel van die mediasie wil maak nie.
- Die terugvoer wat reeds ontvang is rondom die agenda vir die Bondsvergadering is baie positief. Almal sien uit na die historiese byeenkoms wat DV Sondag 28 Julie om 18:00 by Tuine ‘n aanvang neem met ‘n erediens. Almal is welkom om die diens by te woon.
- Dit begin gons op die sosiale blaaië rondom die taak en verpligting van die ouer teenoor die kind. Hoeveel van my kind se geloof is deur my gebede en voorbeelde begin? Hoeveel kan ek my kind beïnvloed? Gaan neem gerus deel aan die gesprek op sH se Bakkiesblad.

## **KENNISGEWINGS**

- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Basaar 3 Augustus op die kerkgronde. Ons hou ‘n **steeds**Basaar met steeds lekker kos en kuier teen **steeds** goeie pryse.
- Die gemeente **Stella** hou op 2 Augustus 'n Boeredans met ‘n tweeman orkes – Piet Safari en Giel Kalahari, op die plaas van Jan du Toit, buite Stella. Kaartjies kos R80-00 per persoon wat 'n steakete insluit en R30-00 vir kinders wat 'n boereworsbroodjie insluit. Die dans

begin om 18:30 en pryse sal gewen word tydens die dans. Daar sal ook 'n veiling wees van 'n kunswerk deur Driekie Erasmus

- **PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om ‘n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings en nuusbroskies na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) of na [admin@stedshervormers.co.za](mailto:admin@stedshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.